

3 Desember Johannes 21:19b-25 (21:19b, 22c)

Volg Jesus!

Die pad na die hemel is 'n pad agter Jesus aan. Dit is 'n harde pad want wie agter Jesus aan wil kom, moet homself verloën, sy kruis opneem en Hom volg. En tog is daar Lig op die pad. Want die woorde "Volg My" impliseer dat Jesus jou voorgaan. Volg is om te gaan waar die Saligmaker jou lei. Petrus wil egter weet wat met Johannes sal gebeur. Hy kry die skerp vermaning om nie te vra nie, maar te volg. Jesus verkondig nie die onheilige Kainshouding van nie-omgee nie. Maar Petrus se besorgdheid oor Johannes trek die aandag van "volg My" af. En dit is waar Jesus jou eers wil hê. Wat beteken hierdie "Volg My?" Is dit 'n nadoen of naboots van Christus? Dit sal jy in elk geval nie kan nadoen of naboots nie. Om Jesus te volg is om te doen wat Hy beveel het. En daarvoor stel Hy jou in staat deur Sy Gees (Joh. 14:26; 20:22). Hierdie volg van Jesus is noodsaaklik. Sonder Hom verdwaal ons. Sonder Hom is daar geen moontlikheid om tot die Vader te kom nie. Want Hy is weg. Hierdie volg van Jesus is moeilik, ook in die genade wat ons daarvoor ontvang. Want dit vra selfverloëning. Ons is geneig om ons eie beplanning te doen en ons eie pad af te baken. Ons wil die waarheid (sekerheid) van ons eie weg wees. Maar Hy is die Waarheid. Hierdie volg van Jesus is saligheid. Selfs in die storms van die lewe is ons Here Jesus ons skadu en beskutting. Hy wat ons vashou lei ons na die reeds (deur Hom) verdiende saligheid. Hy is die Lewe. Wie Hom volg sal in Hom die Voleinder van die geloof vind.

Sing: Psalm 91:1, 8 Ds. CA. Jansen (Bloemfontein-Suidheuwels)